

# HABARI 2000

NUUSBRIEF VAN DIE VRIENDE VAN OOS-AFRIKA  
NEWSLETTER OF THE FRIENDS OF EAST AFRICA

## EDITORIAL VAN DIE REDAKTEUR

For some time now Habari's articles on "when we were in Kenya" have been accompanied by letters about "when we were on holiday there." East Africa past and present are linked on the same pages. One can perhaps also sense a greater acceptance of how things are now compared to how they were then. The state of the region now is often not seen to be either better or worse, but merely different.

Een van ons bydraes - deur Dirk Loots - is deur iemand wat nooit 'n inwoner van Kenia was nie, maar op grond van sy familie se geskiedenis gaan kyk het hoe dit daar lyk. Ons is dankbaar vir dié perspektief.

Anna M Louw het gesê die plek waar jy grootgeword het, is die plek wat die res van jou lewe vir jou spookmusiek maak. Vir baie van ons is Kenia so 'n plek. Vir ander mense is dit 'n plek van geleenthede, vir ander 'n nuwe wêreld.

Is there a reader of Habari who thinks of "Kenya" and "Tanzania" (or the old name, Tanganyika) as mere names on the map? For us they are magic names. There was and is something there that we want to keep inside of us, and share in writing. Without it we would regard ourselves as much poorer.

**OOS-AFRIKA VRIENDEKOMITEE**  
**COMMITTEE OF THE FRIENDS OF EAST AFRICA**  
Alex Boshoff *Voorsitter*. Bus 21, DERDEPOORTPARK,  
0035. 012.  
Danie Steyn *Ondervoorsitter*. Bus 143 Dersley SPRINGS  
1569. 011.366-1747. Sel: 083 271 6378  
Eddie de Waal *Redakteur*. 012.379-2604. Keeromstr 628  
HERCULES 0082  
*Addisionele lede*  
Ds Piet Grobler Bus 10, CLARENS, 97097. Tel 058.256-  
1007 \* Mrs Emma Stow, Belrene Str 14, RIETONDALE,  
0843. 012.329-4177 \* Dr PG Nel, Bus 421, NYLSTROOM  
0510 (Zebrapark 14) 014.717-2600.

## BESOEK AAN ELDORET

*Ek is Wessel Steyn, jongste kind van Oom Eduard en Tant Joey Steyn. Tans woon ek in Bredasdorp, Wes-Kaap. In September 1999 het ek Eldoret, Kenia, besoek.*

Die NG Kerk ondersteun ds Kobus en Liezel Van Zyl wat in Kenia aspirant predikers oplei by die Reformed Institute For Theological Training (RITT).

Die RITT word bedryf uit die Ou Feessaal naby Eldoret. Die geboue was redelik verwaarloos en Kobus het die droom gehad om vir die RITT te help om onafhanklik te kan bestaan.

Hy het die NG Kerk gemeentes, wat hom ondersteun, gevra om te help. Eerstens het Mosselbaai gemeente se span in 1997 die Saal herstel. In 1998 het 'n span uit Nederland die kombuis, eetsaal en 'n badkamer opgeknab. En in September 1999 het Suiderstrand (Strand) en Bredasdorp saam 'n span van 13 lede gestuur om die laaste woongebou te herstel.

Die werk is met groot geesdrif voltooi. Onder ander het ons by die 100 blikke verf gebruik.

Die "Reformed Church of East Africa" het, as ek dit reg verstaan, tot stand gekom deur die Sendingwerk van die NG Vergenoeg gemeente. Ds Kobus van Zyl is besig om die finale deel te skryf van 'n boek met die geskiedenis van die RCEA. Die Keniane is baie trots op dit wat die Suid-Afrikaners daar vir hulle gelaat het.

Ek kon ook ons ou plaashuis besoek. Ek moes staatmaak aanwysings van my broers en suster (ek was 5 jaar oud toe ons daar weg is). Dit was redelik vaag en moeilik om by die huidige omstandighede aan te pas. Tog, met Kobus se hulp, het ons die huis gekry. Dit is nou die administrasieblok van 'n skool. Die huis is in 'n verbasend goeie toestand, al het dit vir amper 36 jaar geen verf gesien nie. Een van die mans wat destyds vir ons gewerk het, woon steeds daar; hy onthou nog ons hele gesin plus die voertuig waarmee ons vertrek het. Ek sou graag nog met hom wou gesels, maar my Swahili is beperk tot 'n minimum.

Toe die Keniane uitvind ek is ook van Afrika - en spesifiek Suid-Afrika - was hulle baie vriendelik en soms besonder gasvry. Jy moet net nie waag om in 'n dorp of stad foto's te probeer neem nie.

**Ons sien mekaar op Saterdag 7 Oktober!  
Saturday 7 October - see you there!**

**Deepest Sympathy to those who have  
lost loved ones.**

*Ons het kennis gekry van die volgende persone se afsterwe.  
Ons meegevoel aan al hulle mense  
Denton Vorster, vroeër van Eldoret*

### Johann Knobel van Eldoret

**Jannie Enslin** van Eldoret. Hy word oorleef deur sy vrou Yvonne en twee seuns. Yvonne was die dogter van oorlede Fairy Engelbrecht (berig elders)

**Truia Meintjes**, gebore Potgieter, is dood op 7 Desember 1999. Sy was die weduwee van Tom Meintjes. Sy word oorleef deur haar dogters, Sophia and Christine, haar seun, Louis, haar stiefdogter Petronella, and dié se seun, Tom Meintjes.

**Gert Meintjes** is dood op 7 Junie 1999. Hy was die seun van Tom en Lena Meintjes, vroeër van Eldoret. Hy word oorleef word sy suster Petronella. Sy stiefmoeder was Truia Meintjes.


**Maria Steyn**, vrou van oorlede Izak Steyn en goeie vriendin van Gert Prinsloo. Haar kinders is Elbert Steyn, Izak Steyn, Hester & Betty. Vroeër van Eldoret. Sy is dood op 22 Desember 1999

**Sannie Lezaar**, vroeër van Eldoret. She het skoolgehou in die vroeë jare by die skool in Eldoret, en is dood in Oktober 1999 by Warmbad. Sy was 87.

**E J van Rensburg** van Huis Annie Schultz is dood op 9 April 2000. Sy was vroeër van Eldoret. She laat leaves 2 seuns and 2 dogters na. The derde seun was 'n dokter wat 'n paar jaar gelede oorlede is.

**Hannes Roets**, Marietjie Roets se man, is op 6 Augustus 1999 oorlede. Hy het gewoon in Erasmia en was vroeër van Eldoret.

**Felicity Meyer** is oorlede op 21 Augustus na 'n lang sickbed. Sy was maar 56. Sy was vroeër van Eldoret. Haar man was Piet Meyer, 'n Suid-Afrikaner.



### 'N DROOM WORD WAAR

My droom kom al baie lank; trouens, die saadjie is gelê kort na my geboorte, toe my ouers 'n besoek afgelê het by ds Lieb

Loots, die destydse leraar van die Afrikaners in die omgewing van Eldoret. My ouers het ons egter nie saamgevat nie.

Ongeveer 5 jaar gelede loop ek 'n erg beskadigde kappie vir my 3-ton vragmotor raak, en die idee begin vorm aanneem: ons gaan met die Mazda-lorrie Kenia toe! Die kappie is herstel, boeké en tydskrifte is deurgelees en weer deurgelees, alles is beplan en gedoen soos die kundiges en ervarenes aanbeveel het.

Uiteindelik, die TOER. Die 1997-toer het net tot in Dar-es-Salaam gevorder - eintlik Bagamoia - met 'n terugkruip Dar-es-Salaam toe vir reparasies en 'n lekker vakansie op Zanzibar. Op daardie toer het die Mazda 'n naam gekry: Die Blou Anti. Die lorrie is vernoem na die uitgestorwe Bloubok wat van Riebeeck aan die Kaap aangetref het. Bloubok = Blou Antilope. Op die kappie word toe geverf: Die Blou Anti Loop.

Tuis broei dit in ons koppe: ons was nou wel tot in Dar es Salaam en Zanzibar, maar nog nie in Kenia nie!

Daar begin die beplanning van voor af, en die Mazda staan weer sentraal. Dit is my en Anni en die 4 kinders se huis, ons veilige hawe, die basis waarop ons ons toer beplan. Omdat ons 6 mense is, is ons stasiewa en ons bakkie te klein vir 'n maandlange 12 000km toer. Op die kappie skryf ons dié keer: Die Blou Anti Loop WEER.

Hierdie slag voel ons absolutuus thuis op die eerste deel van die rit tot by Moshi en Arusha. Dit is darem snaaks hoe die feit jou troos dat jy al op 'n plek of in 'n land was. Van Arusha af is ons met 'n treurige pad na Ngorogoro, waar die absolute prag van die krater opmaak vir al die padpyne. Die tydreëling in die Serengeti, naamlik dat jy in tydblokke van 24 uur aangeslaan word om te betaal, maak dat ons besluit om kortpad te vat na die Victoriameer, 'n besluit wat ons later sal berou.

Nadat ons die Serengeti verlaat, verlaat die pad ons geleidelik. Later beland ons in so 'n swart turf(?), en van 'n pad is daar nie meer sprake nie. Ons word selfs genoodsaak om met klippe 'n pad te bou deur slotte en oor rotsbanke, voorwaar iets om te onthou! Toe ons uiteindelik Musoma aan die Victoriameer bereik, is ons stokflou. Vanweë die swak kampeergeriewe daar, besluit ons om deur te druk na Kenia.

Op die grens word ons vroegmiddag in kennis gestel dat dit nou "official overtime" is! Ons moet dus dringend en onwettig geld in die straat omruil daarvoor. 'n Mens kan met goeie blufspel by die "bribes" probeer verbykom, maar hierdie keer werk dit nie, en ons moet maar betaal. Met al die verkeerde besluite en die gesukkel op die grens, kom ons eers om 20h00 in Kisii aan. Ons soek meer as 'n uur na 'n veilige staanplek, en kan gelukkig in die gronde van die Kisii-hotel staan. Daar is 'n groot muur rondom en 'n nagwag wat sy werk doen. Na 'n gratis ontbyt vir Ma en Pa, en nadat al die Serengeti se stof uit die lorrie gevee en alles weer 'n slag skoon is, vertrek ons na Kisumu.

Aanvanklik is die pad weer eens BAIE sleg, so sleg dat ek meen die lorrie gaan omval, al beweeg ek nie 'n tree verder nie - die donga langs die "pad" is vreesaanjaend. Later verbeter hierdie pad en vele ander sodanig dat 'n mens dink jy het gedroom. (Selfs nou voel 'n mens dislojaal om oor die paaie te kla, maar dit was die realiteit van die oomblik.) Ons koop die heerlikste gebak by 'n bakker in Kisumu, en dit maak sommer op vir alles, die paaie inkluis.

Ons wil ons natuurlik slaplag oor Keniaanse registrasienommers wat met 'n K begin, uit drie letters

bestaan, en nie vir hulle snaaks is nie.

Van Kisumu op pad na Bosia gaan ons uiteindelik na meer as 2 jaar se beplan en probeer, en na 6111 km op hierdie rit, oor die ewenaar. Ons is ontsettend bly, want daar was dae wat ons gewonder het of die lorrie die paaie 'n tweede keer sou oorleef.

Dit is nie so warm soos mens sou verwag nie, want die somer is in Junie oor die Noordelike halfronde geleë, en die ewenaar het dan sy tussen-in seisoen. (Die gesoute ewenaarblyers moet maar my verduidelik aan my kinders verskoon. Hulle wou weet, en Pa sal mos weet, of hoe?) By die volgende grenspos is dit 'n gesukkel om sonder die "bribers" deur die grenspos te kom. Hier loop ons vir 'n tweede keer vir Freddie en Marlene Strauss van Dewetsdorp raak. Hulle was reeds in Uganda, en ons ruil inligting uit.

Die volgende dae spanneer ons op die walle van die Nyl by die Bujagali Falls campsite. Die kampeerplek behoort aan Suid-Afrikaners. Hulle laat ons baie huis voel, reël dat ons die konstruksieterrein van die nuwe Owen Falls dam kan besoek, en stel ons aan hope Suid-Afrikaners voor. Dié Suid-Afrikaners werk daar, of het soontoe gevlieg om na geleenthede te kyk, of hulle wil net ontspan.

Jinja, die dorp by die oorsprong van die Nyl, is 'n mengsel van ontwikkeling en verval. Aan die een kant loop heelwat mense met (satelliet) selfone rond; ons geniet ook die menigte "bicycle"-taxi's - hulle bewys vir ons dat daar wel maniere en maniere is om 'n inkomste te genereer, as jy wil! Andersyds is daar heelwat huise wat herinner aan die agteruitgang van die Amin-era: statige herehuise in verskillende stadiums van verval. Die Suid-Afrikaners wat die campsite besit, het huis so'n ou herehuis in die dorp gekoop en dit ingerig as 'n backpackers-lasie. As mens kyk na die baie badkamers in die ou huis, kan mens nog die eertydse glorie raaksien.

Ons doen ook kortlik die Tororo-vulkaniese prop aan. Om die Tororo sementwerke in volle produksie te sien, doen my boerehart goed. Die feit is dat dit Suid-Afrikaanse kundigheid gekos het om die fabriek weer uit die verval van die Amin-era te ontruk. Mense kan my verkwalik, maar in Suid-Afrika kry ons deesdae maar min erkenning. Tog is die Boere welkom in die res van ons pragtige kontinent, en word ons ten minste bedank vir dit wat tans daar vermag word. Ek word male sonder tal uitgenooi om in lande noord van die Limpopo te kom belê.

Wanneer ons die grens uit Uganda na Kenia oorsteek, kom een van die afpersers na ons met 'n stukkie papier waarop die Strausse van Dewetsdorp se naam geskryf is. Hy vra of ons hulle ken en gesien het. Hulle het glo aan hom belowe om die "bribe" te kom betaal as hulle weer die land daar verlaat. Nodeloos om te sê, hulle is reeds by 'n ander hek uit!

Ons ry in die reën na Eldoret en, getrou aan ons tradisie, soek en vind ons eers die bakkery wat aan ons die heerlikste soet- en soutgebak verskaf. Dit word omrent verslind! Op soek na die kerk waar oom-ds Lieb destyds predikant was, kry ons die aanwysings na die Bwana Laubscher sendingstasie, en besluit om daar te oornag. Dit is

vandag 'n gereformeerde teologiese opleidingsinstituut en toevallig het hulle daardie dag hulle eerste diploma-plegtigheid.

Op die dorp al vra 'n waardige ou swart leraar my of ek regtig die gladde pad na die sendingstasie met dié lorrie wil aandurf. Deur die genade en met 'n bietjie vernuf kom ons wel daar, min wetende van die gesukkel wat die volgende dag wag! Met die geglyery gaan ek onder een van die reuse ou bome deur (van die Denne-familie), en ry 'n enorme tak af. Wanneer ons by Kobus en Liesl van Zijl stilhou, lyk die lorrie soos 'n Krismisboom met die tak bo-op die dakrak. In die proses is my buitelig wat bo-op die kappie gemonteer was, ook erg beskadig.

Die geboue op die terrein is in 'n goeie toestand, en die wonderlikste van al is dat dit nog gebruik word vir die doel waarvoor dit opgerig is - om die Evangelie in Oos-Afrika uit te dra. In die saal is nog al die ou foto's, soos van die opening van die saal in 1958 toe die Britse lugmag 'n verbyvlug daar gedoen het! Daar is ook ander interessanthede wat herinner aan die ou dae, en alles is regtig baie netjies.

Die aand op Eldoret, voor 'n heerlike kaggelvuur, met die reën wat buite val, sal my seker my hele lewe bybly. Die volgende oggend, op pad terug dorp toe, gely die lorrie van die middel van die pad en beland ons in die ROOI pappery aan die kant. Dan eers kan ek die opmerking van die ou man die vorige dag waardeer - ons was die vorige dag bloot gelukkig om nie vas te sit nie. Die stotery, die gely en val in die modder, die uiteidelike hervat van die rit, is alles ding wat mens na die tyd lekker laat lag en opnuut laat besef hoe lekker dit eintlik was.

Hierna besoek ons die kerk in Eldoret met ons modderlywe; die kerk is reeds die afgelope 25 (nou in 2000 al 26) jaar die geestelike tuiste van 'n swart gemeente. Die hoofsaak is dat die kerkgebou nog gebruik word vir die doel waarvoor dit opgerig is. Vir my is dit 'n wonderlike wete. Te oordele aan die besoekersboek kom daar dikwels Suid-Afrikaners besoek by die kerk afle, veral ook mense wat vroeër in die gemeente was. Daar is ook 'n tyd geleden 'n nagmaal daar gehou vir die Afrikaners in Oos-Afrika, en die pastoor hoop dit sal weer plaasvind.

Ons besoek ook die ou pastorie van oom Lieb, waar die vrouevereniging besig is om kos te maak vir 'n verkoping. Ons word sommer net daar genooi om saam te eet. Die ou pastorie is maar taamlik verwaarloos.

Vandaar vertrek ons na die Skeurvallei met 'n pragtige uitsig oor die Baringo en Bagoria mere. Met die lorrie vorder ons maar stadig teen die geweldige afdraandes af - die ratkas help rem, nogtans ruik dit maar erg na brand wanneer ons onder kom. Opdraandes is dit ook maar bitter stadig, maar hoofsaak is dat ons sonder teëspoed weer Suid-Afrika bereik.

'n Plekkie soos Cabernet fassineer my. Daar is byna geen gelyk grond in die dorp nie, en dit is sekerlik die EEN plek in Afrika waar jou voertuig se remme en handrem sal moet werk! Dit is werklik 'n ongelooflik steil dorpie. Die Skeurvallei is daar vir die oog, en dit doen ons - ons kyk. Die uitsig is en sal altyd asemrowend mooi bly.

Ons gaan weer in die reën oor die ewenaar, waar die smousvroue aan ons sulke klip aardbolle wil verkoop wat die ewenaar aandui - nogal oulik en 'n goeie idee.

Ons gaan ook by die Nakuru en Elementitia mere verby op pad na Fishermans Camp by die Naivashameer. Orals is pragtige flaminke, en die kweekhuistonnels, rye en nogmaals rye daarvan, waarin blomme vir die uitvoermark gekweek word, val my op. Dis lekker om sulke entrepeneurskap te sien in 'n kontinent wat dit so nodig het.

By Fishermans Camp is pragtige geriewe. Die groot kaggelvuur wat met ons aankoms in die eet- en sitarea brand, het ons baie nodig en geniet ons baie. Die kinders speel ook pool, kyk DSTV, en geniet hulleself. Trouens, DSTV kon ons orals op ons toer kyk, en dus ook die rugby wel en weë beleef (1999 het ad maar sy af oomblike ook op rugby gebied ook gehad!) Ons verwonder ons daar aan die seekoeie wat snags op die gras voor die hoofgebou kom wei. Die volgendeoggend is dit weer die snaakse aap-spesie met die groot wit sterte wat ons in verwondering het. Ek is trouens nog nie seker of dit ape was of 'n vreemde soort soogdier nie.

Op pad na Nairobi beleef ons weer 'n pragtige uitsig wanneer ons die Skeurvallei verlaat.


Met die hulp van 'n goeie kaart gee Nairobi nie vir my probleme om die lorrie by ons bestemming te kry nie.

Meeste van die robotte werk nie, en ek ry maar net soos in die Kaap: moenie wys jy is onseker nie, vat 'n kans as een opduik ... en wie wil in elk geval sy taxi teen die Blou Anti vou? Dit klink seker vreeslik, maar nadat een man met sy huis teen my voertuig (in die ry) slaan, word ek meer waaghalsig as gewoonlik, met goeie gevolg.

By die parkeerplek vra die "beampte" ons 'n enorme bedrag aan parkeergeld. Gelukkig sien 'n Engelse burger van Kenia die petalje, ontferm hom oor ons en vertel die skurk sy fortuin. Ons kom met die normale parkeerfooi los : ongeveer 5 Kenia-sjellings!

Die pad tussen Nairobi en Arusha is feitlik onrybaar, en ons het huis besluit om daarlangs terug te keer, want dele van die pad tussen Nairobi en Mombasa is glo vrot. As ek vooraf van die toestand van die Arusha pad geweet het, sou ons Mombasa toe gery het, want ons wou dit graag sien. Van Arusha is ons na Tanga waar ons die tydjie langs die see baie geniet, nog meer rede om spyt te wees dat ons nie Mombasa kon besoek nie.

Dankie, Danie, dat jy gevra het om hieroor aan jou te skryf, want in die onthou en die neerpen daarvan lê 'n groot stuk genot. Julie wou meer oor Kenia hoor. Vir my is dit 'n pragtige land, en die meeste van sy paaie is in 'n goeie toestand, eerlikwaar. Nairobi is 'n groot moderne stad, in teenstelling met Lusaka, byvoorbeeld, wat nie eens met



Kimberley vergelyk kan word nie. Vir my om in Kenia te ry, is om groot bome te sien, en te dink dat sommige daarvan moontlik deur my en ons voorsate geplant is. Vir my is dit om in die geboue - en in die land self - die bewyse te vind van 'n groep mense wat ongelooflik baie bygedra het tot die ontwikkeling van Kenia. En dan gaan ek daarvandaan met 'n tevredenheid oor die bydrae van ons mense, met die wete dat hierdie land my baie maklik weer kan sien.

Groete

Dirk Loots

Adres: deloots@intekom.co.za

18-03-2000

## NAKURU

Some paragraphs collated from the letters of Joan Cole-Edwardes, nee Garvie, recollecting the Garvie experiences in Nakuru.

According to Meinertzhangen, Nakuru in October 1902 consisted only of a dak bungalow and the station.

Nakuru Lake was fringed by a belt of bush full of large flocks of guinea fowl. Round the lake were myriads of flamingo, geese, duck and waders. Hippo and their calves abounded in the water. "The water of Nakuru Lake is brackish," says Meinertzhangen, "and gives one violent diarrhoea. Guinea fowl abound and [are] a welcome addition to the larder... Mosquitoes make life after dusk unbearable." Referring to the panoramic view of the lakes, mountains and valley he exclaimed, "It really is a weird part of the earth."

When it was not safe for the Garvie family to occupy their lands in Nandi, John and Lily Garvie with Laurie, Jim and Joan moved to Nakuru. "Lily sailed from East Africa back to South Africa in 1905 during her pregnancy so that she might give birth in 'civilization'." Margaret Constance Garvie was born the 15th February 1906 in Bloemfontein. Lily and her children returned. "John found work as a guard on the railway and later became Station Master at Nakuru," says Joan.

In this beautiful but weird setting John and Lily Garvie taught their children. There was no schooling. Lily educated her children by reading from the Bible. Little Joan loved the old Negro spirituals they sang. Music became her whole life.

The children helped where they could. Tidying the "home", sweeping the yard with grass brooms, catching ostriches for their feathers, chasing rabbits in the grass. They planted parsley, arrowroot, potatoes, peas, beans and tomatoes.

Joan remembers these idyllic days as a child: "Our homes were like those in any other town, only in Nakuru they were built on pillars and trellised all around because of the

wild animals. Nakuru was a lovely little town with a beautiful lake. At dusk the sky was pink with flamingos going to roost. Often at night we would hear the zebra stampeding past our home, fleeing from lions. One morning we found the carcass of a zebra under the house where lions had their meal. And there were scorpions and spiders. Mom always used to say how miraculous it was that we were cared for by our Heavenly Father.

"Every night, before going to bed, we sat at dear Mom and Dad's knees. Dad read a part of 'Pilgrim's Progress' then a chat and prayers. What wonderful Christians they were. Mom was really a missionary. I remember her travelling through lion country, no gun (I don't think she knew how to use one), a native with a lantern, to deliver the magistrate's baby three miles outside the town of Nakuru.

"We had a little friend, Armand Bester. He was the naughtiest little boy you could imagine but terribly brave. He would walk in this lion country unaccompanied. Stuart was born during our stay at Nakuru on the 10th April 1908. Mother had gone to Nairobi for the birth."

Often, as John and Lily trekked with their children through Kenya and when, at night, they pitched their tents and made their boma in a pleasant valley. The children were charmed with the spot, and begged them to build a house and remain there; and they began to make a little fence about their tents, dug up the wild flowers of the valley and planted them within the enclosure. But John would remind them and say, "No, my children. Our home is far distant. Let these things go; for tomorrow we must move on. God is taking us his children, as pilgrims, homeward. We long to build here and must often be overturned before we can learn to seek 'the city that hath no foundations, whose Builder and Maker is God.'" John would add, "Remember Christian in the Pilgrim's Progress:

*His cares are eased with intervals of bliss;  
His little children, climbing for a kiss  
Welcome their father's late return at night.*

Twilight at Nakuru wrapped the continent in an eerie blanket of mystery and suspense. Crickets chirped, the roar of a distant lion, savage voices heralded the advancing tropical night. The glorious setting sun in all its hues of blues and orange and flaming red betrayed the relentless cruelty of the countryside.

Nights were scary. Leopards prowled around the house in the dark in which no dog was safe. Occasionally the haunting silence would be interrupted by the throb of the African drum. Mystery dwelt here.

Colin Garvie

**LOST AND MOVED - VERLORE EN BRIEWE TERUG**  
DE JAGER, Piet en Rachel, Posbus 386, Ellisras 0555  
DU TOIT, Barbara, Van Riebeecklaan, Fauresmith, 9978  
ENGELBRECHT, Mnr. C. P?A Bullbrand Foods, Posbus

241, Krugersdorp, 1740  
ERASMUS, Caroline, Posbus 36099, Menlopark, 0120  
FERREIRA, Mnr, Posbus 20, Tlahlabatini, Zululand  
JACOBS, Lena, Saraway Hof 5, Randfontein, 1760  
JOHNSTONE, Mrs Doris, P O Box 75521, Garden view, 2047  
JOUBERT, Jan & Margriet, Posbus 1520, Witvryver, 1240  
KAPP, Linda, Vorster str. 47, Pietersburg, 0700  
KRUGER, CG. P O Box 2050, Wilrowpark, 1731  
MIDCALF, Mr CD, P O Box 1276, Nelspruit, 1200  
NEL, Mnr, Okkie, P/a Martyn str 4D, Barberton, 1300  
PIENAAR, Mnr CB Posbus 15835, Lynn East. 0039  
POTGIETER, Mnr S, Nuwestraat 1168, Booyens, Pretoria 0082  
RADLOFF, Maria, 302 Glenmead, Manitoba, Faerie Glen 0043  
SMIT, Fanie, Beukeslaan 9, Potchefstroom, 2510  
STEENKAMP, Lourens, Posbus 14674, Sinoville, 0129  
STRACHEN, Duncan, Box 521441, Salt Lake City Utah, USA  
SWANEPOEL, Dr Z, Sidneylaan 169, Waterkloof, Pretoria 0181  
SWANEPOEL, Mev. Sonja str 191, Doringkloof Pretoria, 0157  
VAN RENSBURG, Mr & Mrs H, Box 47473, Parklands, 2121  
VAN SCHANSE, Christo & Margaret, Bus 911166, Roslyn, 0200 VENTER, Mev CJ, Posbus 105, Witbank, 1035  
VILJOEN, Buks & Anna, Posbus 2254, Nylstroom, 0510  
VON LANDSBERG, Mnr & Mev PJ, Posbus 8618, Edleen, Kempton Park 1625 VOORVELT, Mnr & Mev. Theo, 32 Hill Street, Grahamstown, 6140

## ELDORET SPORTS CLUB

This history of Eldoret rugby has been complied from information kindly provided by messrs CF Schermbrucker and "Stompie Jones".

Rugby on the Plateau had been going on for some years before Mr. Schermbrucker arrived in Eldoret in 1926. The club's first president was the 'blue' Tommy O'Shea. In those early days Turbo was running a side of their own and Eldoret normally had difficulty in raising a full XV. Shortly after 1928, Turbo dissolved and their numbers joined Eldoret. From that time Eldoret, or "64" (as otherwise known from the reference number of the railway station) really came into their own and in pre-World War II years the won the Enterprise Cup six times from 1932 to 1936 (five years in succession) and again in 1939.

In this competition Eldoret and their oldest rivals, the Nondescripts, were well ahead of all their rivals. Their success during this period was largely due to players like "Stompie" Jones, "Kosie" Barnard, N Duirs, Koppie Eksteen, H Bristow, Japie Kruger, Lategan, Gordon Goby and many others.

To revert to the early days in "64", I quote from Mr. Schermbrucker's notes:- "Our main rivals at the time were of course Kitale, who had some good players and were on top up to 1928. I think I am right in saying that in 1928 honours were even, and Phazyn came out with a classic article in the local Nzoia paper reporting on the first, or one of the first defeats of Kitale on the Eldoret ground. His article ran something like this - 'While the Kitale players were looking for the ball in the hills and dales of the Eldoret rugby field, the local players, having better knowledge of their own geography and topography, were nipping through the forests of grass to score tries behind the line'.

"Eldoret rugby ground had only just been established at Elgon view on the Kisumu road and it was still far from being a good, flat grassed ground. By purely voluntary help of the local players and particularly the farmer members, who brought in dam scoops and oxen, we converted the "hills and dales" into a reasonable playing field and as far as I can remember, it was on the occasion of the first South African Universities tour in 1929 that we managed to get a pipeline connection from the local water supply, after which the Kikuyu grass which we had planted began to grow itself. It was previously an exceedingly dry and windswept spot.

"The first clubhouse was built almost entirely by local voluntary help and workers, mostly from among the players, and the same applied to the building of the tennis courts on the club premises and the building of the secretary's house from murram blocks, made by the members with some African assistance. Trees were donated and planted around the ground, mainly to cope with the prevailing wind. By the time the first Universities tour took place, the ground was in fair condition.

"Since then of course a new club-house has been built and grandstands erected.

"Nothing was fully organized when I knew Eldoret. I remember quite distinctly that my first game happened in this way. I was out on a farm and an old box-body Rover drove up and Fred Pohl, who was a perfect stranger to me then, got out and said. "I believe you play rugby". Having given him an affirmative answer, he said "Get into my car quickly, we have a match against Kitale in a few moments" and very soon after that I was on the field.

"By the end of 1928 Turbo had joined Eldoret and the rugby section was fairly well organized, although for some time it was a matter of having to select a team of 15 from something like between 16 and 18 players.

The highlights at that time were the occasional safari to Nairobi, where our main opponents were Nondie and the annual, or almost annual, visit of the Navy who eventually presented the Enterprise Cup for inter-district competitions. For the first year or possibly two years of that competition, Eldoret and Kitale combined, but soon afterwards they played individually when it became an individual affair.

"One of the outstanding things to my mind about rugby in those days on 'The Plateau' was that virtually nothing was done for you. Everything had to be done by the players themselves, from running the club to organizing the fixtures arranging transport and even down to bringing the club into existence and making the field fit for play.

"There were some very enthusiastic old players who always turned out to support from the touchline. Advice and tips were freely given, but all the work and all the organization and the play had to be provided by the players themselves, which in my opinion was a very good thing. Naturally all expenses had to be met by the players themselves and there were no grants for traveling or anything else. It was always a matter of those who had transport helping those who did not, and of those who had to come from quite long distances. In all my time the spirit was always keen and there was never the slightest trouble about getting people to turn up for games and even for practices."

Mr. Schermbrucker's remarks will give a very good idea of the magnificent spirit that has been, and still is, behind rugby in Eldoret and other up-country centers. They all worked for the love of the game. Even in these days of welfare states this spirit exists.

"64" carried on after World War II in the same vein and were the first winners of the Enterprise Cup when that competition was renewed in 1947. They have since appeared in two more Enterprise Cup finals, and can record four victories in the Jones Cup.

Many new players appeared to carry on the good work. (Of the "old" ones Stompie Jones was there, playing for East Africa in 1949, and now his son plays scrum half for the club.).

To mention but a few of these newcomers, there were Scotty and Bobby Meintjes, Henry and N Kruger, Tom Thorp, Sonny Boullee, the Engelbrecht brothers, Doc Young, Sholto Douglas, John McLean and, as in pre-war days, a host of others.

In post-war years the Club's representatives on the R F U E A Committee, in the days of direct club representation, were Mr C F Schermbrucker and afterwards Mr Campbell.

Eldoret has a tradition of which they are justly proud, and we know that all rugby players look forward to the day when "64" may win their eighth Enterprise Cup.

### Nakuru Sport Club

While the Nakuru Athletics Club, and its rugby section, seems to date back to 1926 or 1927, there are previous records of rugby being played in the Rift Valley. Research into the "Nondie" scrapbook finds local side and Nairobi as far back as September 1921. Nakuru won by 8 points to nil, and in the following month the two teams met in Nairobi, at

race weekend, and Nairobi reversed the result winning by 11 points to 6.

According to the local press of that time "it seemed that the entire population of the Rift Valley turned out to see the first game," the Nakuru side being as follows: Dirks, Williams, Dugmore, Ray, Purves, Koch, Hirst, Wilson, Pedraza, Milton, Weir, Parson, Crane Freislich, and Darling.

The rugby section has always been part of the Athletic club, and some remarks about the formation of the club and its rugby side will be of interest. The club was completed in 1937 with just a hall, two small rooms and a packing case bar. Later on our of boxing receipts, Mr Smith built a 10 foot extension on to the hall and stage with dressing rooms, the stage accommodating the boxing ring. Tennis courts were next laid, murram being donated by the late Mr C McLelland. Local firms giving tractor demonstrations laid out football and rugby pitches. At a later date a cricket pitch was laid across the football ground.

In the old days Nakuru was far more rugby-minded than soccer-minded and a team was soon formed. Early games were played against such sides as Londiani, Kericho, Eldoret, Railway and Ruiru, also against the visiting Navy teams, and against the touring teams from SA Universities and Stellenbosch.

Among the earlier personalities of the club we must mention the Flemmer brothers, TC Pearson, W Warburton, H Barclay and "Jock" Purves (a former Scottish International), J Koch, and F Hopley, and coaches Duncan and Gordon Stanning. During the intervening years the progress of the club owes a lot to Mr Crew Read, the first president, Dr Leakey, Pelham Burne, Bryan Shaw, "Jock" Sinclair, R D Paton-Ker (a Hampshire County cap) K Smith (a Currie Cup player), Millar, Percy Nicholson and Duncan Gray.

The club has always been one of the leading lights in Kenya rugby and their fine pre-war record has been maintained to the present day. Apart from the N A C's prowess as a team, which includes the winning of the Enterprise cup in 1948 and 1958, and the N D C in 1952, they have for some years now materially assisted the game by running a most popular annual Seven-a-Side competition.

During the recent years the 'odd hundred miles of tarmac' to Nairobi have proved rather inviting and the club participated in the Nairobi District Championship, being winners in 1952. However, Nakuru felt that they really belonged to West Kenya, and have become one of the leading Clubs in that area, participating regularly in the Enterprise Cup and the Jones Cup. The club has really come into its own in the past two or three seasons and has been considered in some circles as the outstanding team in East Africa. Their performance, when they held Cape Town University to 6-3 in 1958, was one of the finest by an East African Club.

In the post war years Nakuru has supplied a major portion of the players required by West Kenya and East Africa. During the 1958/59 tour Nakuru supplied no fewer than eight players for the East African sides. Nakuru's East African players since 1949 have been G Simpson, D S Reynolds, D Kennedy, K V Oulton, D Darroch, D Young, R

Pollatri, W Law, D Opie, L Tucker and R Hopley; and there have been a host of other extremely useful players such as Bruce Mackenzie, J Sutton, P B Williams, W Harte, Black, R Jackson, B Durand and many others. While D Darroch and R Jackson have now left East Africa, useful newcomers should be W R Mackay (formerly Uganda), and East African player, and C Young, a former Sable.

As a matter of interest, Roger Jackson, who is a former schoolboy soccer international, was last heard of playing center forward for Pegasus in the F A Amateur Cup.

On the administrative side Nakuru has been well served by Lt Col G Mossley, R R Ascott, Gerald Luckhurst, R Milton, and N Jaarman, to name a few. Ron Ascott, a former captain of Ruiru and also an ex vice-president of the Tanganyika R F U, has for a number of years performed invaluable service to the Referees Society in West Kenya.

#### Nondescripts Rugby Football Club

The Nondescripts R F C better known as the Nondies, was formed at the same time as the old Harlequins, on 11<sup>th</sup> July, 1923, with their original committee consisting of Messrs Tugman, O'Keefe and Ogilvie.

The formation of these two clubs started interclub rugby in Nairobi and the Nondies have kept going ever since and have always made a most valuable contribution to the game in East Africa. A brief glance at the names of the 'officers' of the Nondies, over the years, will show just how many of their members played a leading part in the furtherance of the game in our territories.

One of the outstanding players among the early Nondescripts was G L Owles, a member of the 1919 All Blacks touring side. It was a very sad loss to the game in East Africa, when he met his death in a road accident in 1924. Another early star was R E Tugman, one of the first committee, and a former royal Navy player.

From its inception the club has never looked back and as early as 1927 we see the "A" side playing in the N D C. By this time more prominent players had joined the club and among the names which became part of our history we see Wilfred Hops, Stanley Harris (an English international), Dr McCaldin, K Sands, N B Larby T A Cairns, Dave Joffe, J Cleland, E Shirley, R H T Drake, Dr Trim, J L Worledge, H F Hawes and A L Roberts.

The club held its first dinner in 1930, at which a presentation was made to B G L Allen. Since that time the Nondies annual dinner has become an important and most enjoyable function.

Apart from the leading role leading role played by their members in the administration of the game, the Nondescripts' playing record is a proud one. They won the NDC eight times outright before the war, and have won it four times in the post war years, besides being joint winners in three years. The Enterprise cup was won twice before, and four times after the war.

The thirties saw such players in the Nondies ranks as G Mortlock, A K Dunn, A M Goldhawk, N B Larby, J B H Kealy, E I Gledhill, C J H Wood, R E T Hobbs, D Levy, W L Wilkins, J H C Sim, R S Paige, J L Sinton, J Speight, P G W

Anderson, A Kotzenberg and J M Peveler.

For a short while, about 1937, the club had the assistance of J G Kerr, the London Scottish full-back, whose play will long be remembered by those who saw it.

Once the Enterprise Cup was played on a club basis Eldoret soon established a supremacy, winning the cup for five years in succession. It was the Nondescripts who broke this run in 1937, and against their old rivals. The war years put a stop to club rugby, as such, but from 1947 onwards the Nondies have again played attractive football.

The post-war years have seen the club maintaining its position as one of our leading clubs, and in these years we have seen such players as 'Dickie' Bird, S Raabinowitz, P J Nel, H M McLean, E Evans, E A Bistow, G Phillips, Julina Marshall, J Humphreys, M Kevany, Eric Cohen, A Evans, J Mulloy, K Savage, Joe Taylor, D Darroch, R Ottley, B Granville-Ross and a newcomer of whom much more will be heard, S Baird.


The Nondescripts have always been associated with their home ground, the Parklands club, and the Union must record a debt of gratitude to that club for their support of the game and the readiness with which they have made their ground available for our major fixtures.

Sometimes it has seemed that the Nondies have been too strong for their local rivals, to the detriment of the latter. This is rather more the fault of other clubs, and recent years have shown the rise, in Nairobi, of new clubs to challenge the Nondies. The club has always welcomed competition and when the Harlequins won the NDC in 1954, the Nondies answer was prompt. They defeated them soundly in the

Enterprise Cup later in the season, and went on to win that trophy.

*This was written around 1956.*

Les Tucker



## 1924: 'N BUITELANDER BESOEK TANGANJIKA

Dr Marc R Breyne, dosent aan die Oriënteringseminar van die Friedrich Wilhelm Universiteit, Berlyn: Briefe en Dagblaaie uit die vroeëre Duits-Oos-Afrika, 1926

My vriend, Abel Pienaar (die Suid-Afrikaanse skrywer Sangiro), wie se ouers sedert die jare twintig by Kilimanjaro gewoon het, het my gehelp om in Augustus 1924 die Britse Mandaatgebied te besoek.

My eerste besoek was op die katoenplaas van Cecily Boshoff. Die plaas was in Engare Amutonje, aan die voet van Meru. Dié voormalige veeteler het Suid-Afrika in 1904 verlaat om die rug te keer op die Britse besetting van Transvaal en hier 'n vrye lewe uit te bou. Nou verbou hy

katoen en wil, soos baie ander, oorskakel na koffie. Die boere hier bly nogtans getrou aan die vaderland, Suid-Afrika. Hulle stuur hulle kinders vir verdere skoolopleiding na hulle land van herkoms. Die skool - waar die kinders tot standerd ses volgens die Suid-Afrikaanse patroon onderrig word - lê nogal ver. Die leerkragte kom uit Suid-Afrika. Die kinders ry met donkies skool toe, of met 'n oop tweewiel-waentjie. Dan word die diere by die skool uitgespan en onder die toesig van 'n Matata (swart kind) gelaat totdat die skool uitkom.

Ek het ook tant Annie van Emmenis besoek. Sy is bejaard en dra die tradisionele kaappie van die Boerevroue. Haar man is die vorige jaar deur veediewe geskiet. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het die boere neutraal gebly, en is saam met hulle gesinne in versamelgroepe vervoer (visie-Samjoor Carl Landgrebe het dit onderneem). Ons was 'n vreemde volk in die vreemde. Gashere soos Piet Nieuwenhuizen en Van Rooyen is goedgunstig vir ons Duitser beskikbaar gestel.

Die politieke neiging van die Boere te Kilimanjaro was baie soos in Suid-Afrika. Daar het 'n mens geweet waar jy staan volgens die koerant wat jy lees - *Die Volkstem of Die Burger*. Lesers van Die Volkstem was die Engelse goedgesind. Tog het hulle mekaar besoek.

Die Boere het mekaar aangespreek as Oom, Tante en Neef en het mekaar gesoen, soos die tradisie was.

Ons besoek Bwana Tira-Tira Le Grange "die man met die groot maag" soos die Massai hom noem. Hy kweek sterk tabak en sy koffiebome staan mooi. Met 'n watermeul maal hy vir sy bure. Hy maak ook siek diere gesond.

Daar lê 'n rit van 14 myl vir my voor na Smaldeelplaas, in Olanya Sambu. Die eienaars se pa, McDonald, bly in Suid-Afrika. Die jong man ry transport van bakboord na stuurboord (Musta na Moshi) - veral vervoer hy koffiesakke.

Vanaf die westelike hange van Meru kyk 'n mens oor die Masaisteppe sover as die oog kan sien. Ons ry deur baie mooi klowe en bergpasse. Een van hierdie noem die Boere "Waterpoort". Waterstrome vanaf Meruberg het diep erosieslote uitgespoel.

Tussen mielie- en katoenlande deur ry ons tot by die Laubchers. Die vrou het Hugenote in haar voorsate. In haar boekversameling lry ek aantekeninge deur die bekende Hauptmanns. Toe Hauptmanns in Tange geland het, het hy emigrante uit Suid-Afrika ontmoet. Die baie jong dames het lang syklere gedra en het groot vere op hulle hoede gehad. "Maar hulle is dan wit!" haal my gasvrou hom aan, en lag.

Die oggend op die plaas is alles in rep en roer. Hoenders kekkel, varke en otjies snork. Onder die afdak maal 'n swartman mielies met 'n handmeule; 'n ander sing 'n volksliedjie by die watersloot terwyl hy op 'n gladde klipplaat wasgoed insep.

Die muilwaentjie vertrek later na Kampfontein. Hier is baie Boere families aan die voet van Meru gevestig. (In 1954 was hier 'n Dankdiens ter herdenking aan die eerste vestiging hier 50 jaar gelede.)

Op die heuwel lê die oorskot een wat Droogmeekel genoem is en aan my gasheer, Abel Pienaar, behoort het. Hy het hom tydens 'n droogte ontval.

By Engare Nanyuki is ons gaste by die familie Maian: die seun van generaal Wynand Malan wat in 1914 dood is. In die laaste bring die donkiewentjie my daar aan, en kindersnm twee-twee op donkies, begelei my. Hulle ry die donkies bloots, en galop vrolik by ons verby - die seuns en dogters jaag resies teen met mekaar en gil op die donkies om vinniger te hardloop.

'n Baie gesonde lewensstyl heers in die Malans se beskeie klei hartbeeshuisie. By die lig van 'n paraffienlamp word tot laatnag gesels.

Op 16 Desember vier die Boere in Oos-Afrika ook Dingaansdagfees. Terwyl dit nog donker is, klop iemand aan die deur, en ons ry op die ossewa na Kampfontein. Om sesuur, met dagbreek, sien ons 'n onbeskryflike toneel - die eerste sonstrale tref die sneeubedekte top van Kiliminjaro. Na vyf ure bereik ons die uitspanplek. By Kampfontein is die tente reeds in 'n kring opgeslaan. Kampfontein is vernoem na die eerste Boerelaer in 1905 in hierdie streek. Links rys die oervoud van die rotsige Meruvulkaan; regs strek die Masaisteppe tot aan die blou einder. Daar word 'n veldkommandant word vir die ossekamp vekies.

Ek is gas by oom Jannie de Beer. Dingaansfees begin statig en plegtig, ter nagedagtenis aan die voorouers se gelofte wat op 16 Desember 1838 by Bloedrivier gemaak is, toe koning Dingaan se leër afgeweер en verslaan is. Die fees is 'n danksgiving aan die Here wat die oorwinning sken.

Dit is ook weer 'n geleenthed om in bymekaar te kom. In die skoolgeboutjie kom ons saam om huishoudelike aangeleenthede te bespreek. Tegelyk word lewensmiddels en selfgestookte heuningbier aangebied. Ook die Boerekooperasies vergader hier met die doel om die Engelse Mandaat die hoof te bied. Sondagoggend begin die plegtigheid. 'n Koor sing psalms, en dankgebede volg: "Halleluja, prys die Heer, tot in ewigheid sal Hy sy volk deur die wildernis lei."

In die Boere-laer is daar 'n vroeë oggendtoneel voorgestel van 'n Zooloe-aanval, en hoe dit afgeweer word. Daarna stap die mense, gesangboek onder die arm, na die skoolgebou waar die ouderlinge en diakens reeds sit. Dit is vandag die boere-generaal wat preek. waargeneem. Ter wille van die jeug, praat hy oor herkoms van hierdie dag. Ek let op hoe mooi en waardig hierdie mense se moedertaal is. Die Boere uit verskillende distrikte verduidelik die betekenis van die oorwinning oor Dingaan vir die ontwikkeling van die Afrikaanse volk. So word die voorouers se dade verduidelik sodat dit in die harte van die jong mense kan groei.

Op die oggend van die derde dag van die Fees waai daar wit vlae oor die veldgras - hulle dui renbaan vir die perderuiters aan. Daar is die wedlope, sakreisies en toutrekkery vir oud en jonk. Ook die vroue neem deel. Die verskille wat ontstaan het tussen die mense vanweé hulle betrokkenheid by die oorloë in Afrika en Europa, word ook by hierdie samekomste oorbrug.

Na al die ryk ervarings by Kilimanjaro moet ek

afskeid neem van die mense wat hulle harte vir my oopgemaak het.

Herman Landgrebe (na aanleiding van Marc Breyne wse

"Deutsch-Oostafrika Ruft"

## ENGARE NAIROBI

Engare Nairobi: 'n heerlike natuurskouspel! Ons ry deur die "Kneukels". Oom Visser se plaas lê in 'n moerasagtige deel: Tinga-Tinga. In die reëntyd is msukiete 'n groot plaag hier. Op die plaaswerf merk ek 'n bamboeshut op hoë pilare. "Dit is ons slaapkamer," sê oom Visser. "In die koorsmaande, wanneer dit donker word en die muskiete op ons toesak, klim ons op en gaan slap ons daar. Eers in die ooggend, wanneer die muskiete weg is, kom ons wee uit. Die sterke reuk van die omringende bloekombome hou die muskiete ook in bedwang. Oom Visser bedryf 'n klein meule waarmee hy saam met sy seuns slotte grawe. Hy wil 'n wiel bou om die water uit die rivier te lei. Sy tuin staan vol vrugtebome: lemoene, nartjies, suurlemoene, papajas, vla-apples, perskes peisangs. Nairobi, aan die westelike voet van Kiliminjaro, het verskeie plantesoorte. Die vorige eienaars, Weber, 'n Duitser, het dit bewerk dat 'n Engelsman, Morris, Carr se besigheid oorneem wat eers deur twee weduwees, Phelps en Webb, bedryf is. Die slechte pad, toentertyd die roete van die Kaap na Kairo, laat ons in die rivier vasval. Met gras voor die wiele kom ons oplaas uit hierdie modderbad uit. Teen die heuwel links lê die plaas van die bekende Boere kampvechter, Piet Nieuwenhuizen. In 1925 koop Carl Landgrebe die landgoed en lê 'n groot koffieplantasie met 180 000 bome aan. Deur die grasvlaktes gaan die pad deur 'n boomryke omgewing. Links en regs wie sebras, wildebesste, Thompsons- en Grantsgaselle - 'n aardse paradys! Op ons pad na Moshi raak ons brandstof op. Daar is darem 'n entjie verder die Duka Boma ya Ngoime, waar ons weer brandstof kan ingooi.

Herman Landgrebe

## Die Skilpad Trek Uit Kenia

Ons was 4 gesinne. Die twee De Waal gesinne was 4 grootmense en 2 kinders. Die Davies gesinne was 5 groot mense en 5 kinders. Ons het die 15de Mei op Eldoret vertrek en het die ander mense verder ontmoet, vanwaar ons saam getrek het. Die De Waals - Oom Eddie en Hugo - se voertuie was een 7-ton vragmotor en 'n 4-ton vragwa en Oom Eddie se kar was 'n Dodge Kingsway.

Oom Jim Davies het 'n 1½-ton vragmotor en sy kar gehad. Oom Tys Davies het 'n 5-ton vragmotor en 'n ryhuis

gehad wat ingerig was met bed, wasbak, toilet, en 'n opwasbak. Dit was nogal handig. Ons het primus stofies gehad waarop ons gekook het waar ons oornag het. Tant Annie het altyd gesorg vir lekker sop vir die flesse vir middagete en ek het vir die vetkoek gesorg. Die deeg word geknie waar ons die middag wag vir die swaar voertuie, en die vetkoek word gebak waar ons in die namiddag kamp. Johan het gesê: "Dit is tant Martie se ronde broodjies wat sy braai." Een aand vra hy of ek dan nie weer rondebroodjies braai nie? Dit is nou die kosmaak storie en die voertuie.

Ek kon nie aantekeninge maak van al die plekke waar ons geslaap het nie; ek moes voltyds bestuur en was saans pootuit. Die eerste aand het ons by my neef, Botha Enslin op Naivasha, geslaap. Dit is 'n varswatermeer waar die papirusse weelderig gegroeи het en wat 'n lekker skuilplek vir die Mau Mau was.

Die trek het maar stadig gegaan. Die vragmotors was swaar gelaaи - veral Oom Eddie hulle s'n. Oom Tys moes by die steiltes Hugo met ons vragmotor help om die hoogtes uit te kom. Teen die eerste berg het die diewe op Hugo se vragmotor geklim (so stadig het dit op plekke gegaan) om goed te probeer afgooi, want hulle het dit met vorige mense gedoen. Maar ons voertuie het baie goeie tente gehad met deure agter wat gesluit was. Ek druk toe die toeter vir hulle, en hulle spring af en laat spat toe hulle sien ons is 'n hele trek bymekaar. Van daar af het die manne besluit dat die voertuig met die minste krag voor moet ry, want met die stadig ry kan die swak enjin nie vat nie. Daarom het tant Annie en ek voor gery vir 'n aantal myle, dan hou ons stil tot die swaarvoertuie weer bykom.

Ons het ook 'n paar honde saamgebring. Dit was 'n goeie ding, want snags kon hulle ons darem nag waarsku as iets kom. Ons het net een nag probleme gehad - toe was daar iets, ons weet nie wat nie, en het agterna weer lekker geslaap.

Die derde nag net ons op Kamanga geslaap, die grens tussen Kenia en Tanganyika. Daar moes ons voertuie eers gespuit word vir muskiete en tsetsevliee voor ons verder kon ry. Die reis was lekker, net baie eentonig - daar was nikte sien langs die pad nie. In die aand was ons maar moeg van die pal bestuur.

Jansen het partykeer waar die pad mooi was so 'n bietjie bestuur, maar dit was maar 'n waagstuk om 'n kind te laat bestuur. Dit was goed vir die arms om te rus maar sieg vir die senuwees. Die hele pad was stil. Ons het baie min voertuie gekry. Een keer het ons by 'n meertjie geslaap. Daar wou die muskiete ons die nag opvreet. Dit was 'n Saterdagdag, die Sondag wou ons daar oorblý maar het nie weer kans gesien vir die muskiete nie. Ons het net 'n paar stukke klere gewas en met nat wasgoed in die pad geväl. Ons het min teenspoed gehaad: 'n Klip het ons vragmotor se verkoeler stukkend geslaan, en dit was bietjie van 'n gesukkel. Ons het baie water ingegooi totdat ons 'n nuwe verkoeler kon bekom. Ek kan nie onthou of dit Lusaka of Salisbury was nie wat ek en die twee seuns 'n verkoeler gaan

koop het. Toe het Hugo dit ingesit en het ons weer veilig gery. Eenkeer het iets met die ratte verkeerd gegaan toe Thys Hugo gesleep het, maar dit kon ook verhelp word todat ons by 'n motorhawe uitgekom het. (Dit was op die grens van Noord-en Suid-Rhodesië). Daar het Dawie en Hilda Erasmus 'n kafee gehad. Ons het lekker met hulle gesels, die voertuie laat volmaak met brandstof en die ratte laat regmaak. Ons het ook kos gemaak en geëet en gerus. Toe alles reg was, het ons weer in die pad geväl. Oom Jim-hulle het ook moeite gehad met sy vragmotor se verkoeler maar dit was nie ernstig nie. Hy het ook twee pap wiele gekry.

Anderkant Beitbrug het ons die laaste aand geslaap en het ons saam vleis gebaraai. Die volgende dag sou ons elkeen sy eie koers gaan. Ons is die volgende mōre vroeg deur die doeane en was gou deur. Ons het niks afgelaai nie. Hulle het net die lyste wat ons alles op verklaar het gevat en deurgegaan. Ons moes net die vuurwapens en die seuns se musiek instrumente uithaal - mondfluite, trekkklavier en kitaar. Waarom ons dit spesial moes afhaal weet ek nou nog nie. Dit was net oopgemaak en weer toegemaak, toe kon ons dit weer terugsit en ry. Daar het my pen verlore geraak. Dit het geväl toe ek in die kar klim toe ons oor die brug is. Toe ek weer wil skryf, is die pen weg. Ek stap toe ewe terug oor die brug en daar is ek in die moeilikheid. Ek mag nie teruggeloop het. Ek tel toe die pen op en wys dit vir die wag, maar ek moes eers bly waar ek is. Hulle het toe een van die beampies laat kom wat ons deurgesit het om te sien of dit ek is wat hulle deurgesit het - ek het nie my paspoort by my gehad nie. Ek sê toe ek sal dit gaan haal, maar gelukkig laat hulle my gaan toe die een sê dit is reg - ons is nou net deur die doeane en hy herken my, ek is die bestuurder van die ryhuis. Toe hoor ek eers ek mag nie terug kom oor die brug nie, ek moet 'n permit kry by die ander kant. Maar, wat, alles was goeie ondervinding. Dit was toe die 18de dag wat ons uit Kenia weg is en toe is ons uitmekaar. Eddie het gesê die trek kon maar nog aangehou het, dit was toe die eerste Junie. Ons is tot op Louis Trichardt en het 2 dae by Sarie en Adrian Odendaal oor gebly. Vandaar is ons na Pretoria. Daar het ons toe 'n paar dae gekuier by oom Piet en tant Pietjie Taljaard en ander familie. Die 18de Junie is ons Natal toe om die seuns in 'n skool te kry. Ons wou hulle graag in die Hilton College sit, maar daar was nie plek nie. Hulle het gesê hulle vat eers die oudleerlinge se kinders, en as daar dan plek is, vat hulle ander kinders in. Toe is ons terug Transvaal toe en het as dagskoliere die kinders in Rustenburg Engelse medium gekry waar hulle ook toe klaar gemaak het.

Tant Martie Davies

*Ons is bly om u te kan mededeel dat tannie Martie en oom Thys |Davis se seun, Janssen, in 1997 bevorder is tot die pos van besturende direkteur van Sage Life. Sy foto verskyn op die voorblad van die tydskrif Insurance & Investments, vol 11.2, Februarie 1998, en binne-in is*

'n 2-bladsy artikel oor hom en sy benadering tot sy werk. Baie geluk aan hom en sy mense!

## JANNIE ENSLIN

27 Oktober 1922 tot 16 Oktober 1999

Jannie is gebore in Eldoret, Kenia. Hy was die seun van Jannie en Bettie Enslin.

Hy het skoolgegaan in die Hill School. Na skool is hy na die gouddelwerye toe en 'n rukkie daarna weer terug na Nakuru. Daar het hy begin werk by Massey-Harris. Jannie het die hele Thompsons Falls-Nakuru, Eldoret deurgewerk. Hy was baie bekend by al die boere - selfs in Tanganjika by die grondboontjieskemas.

In 1948 het hy die eerste Massey trekker deurgevat na die Sudan, Noord-Afrika, waar hy ses jaar vir die Gazina Cotton Scheme as Field Test Engineer gewerk het.

Ons is in 1952 getroud in Eldoret waar ek ook by Massey-Ferguson gewerk het (B S Mills). Ek was vir drie haar saam met hom in die Sudan. Ons eerste twee seuns, Johan en Carel, is in Eldoret gebore, aangesien hulle nie in daardie daardie blanke bevallings in Khartoum gedoen het nie. Daarna is ons terug na Eldoret, en daar is ons jongste seun, Izak, ook gebore.

Toe ons in die Sudan en ge-Sudanize word, het ons ons geld geneem en teruggetrek Eldoret toe waar ons 'n plaas gekoop en geboer het. Ons plaas was nabij die Tanning Company, op pad na Kapsabet se kant toe.

Ons bure was oom Laurie Pohl, tannie Betty Wessel, Lynette Germehuysen en Kerneels van Rensburg.

In 1961, toe die vlugtelinge uit die Congo pad gevat het, het ons en ouma Betty met die boot deurgekom na Suid-Afrika, waar Jannie dadelik vir Massey-Ferguson begin werk het.


Ons het ons eerste plaas in Suid-Afrika gekoop met die naam Uitvlucht, daarna Vergenoeg, en daarna is ons Malanskraal toe in Heidelberg waar ons 22 jaar gebly en geboer het.

In 1988 het ons Nylstroom toe getrek waar ons met uitvoerdruwe begin boer het. Verlede jaar, die 16de, is my ou man in Heidelberg oorlede by ons oudste seun op die plaas Klipstapel. Hy is die 20ste Oktober begrawe langs ons seun Carel, wat 4 jaar gelede skielik in sy slaap oorlede is. My graf is ook tussen hulle uitgekoop.

Ek bly nou saam met Salomien (my bediende) en Chikky (my hondjie) in Eloradopark woonstel nr 10. My telefoonnummer is 016.342-1715. Posbus 461 Heidelberg 1420.

Ek sal baie graag weer saamtrek toe wil gaan.

Dit gaan baie goed met my. My kinders, skoonkinders en kleinkinders kyk baie mooi na my. Ek het agt pragtige kleinkinders en een agterkleinkind. Ons sou nou



50 jaar getroud gewees het, en ek kan net dankie sê vir die goeie lewe wat ons saam gehad het.

Kamma Mimi Apana Hona  
Wowe Jote - Oktober Mimi ta Sema  
Habari Sama kwenda massuri.

Baie liefde en groete, Yvonne van tannie Daisy.

## GERT EN ANNA BARNARD SKRYF

Dit spyt ons dat ons nie by die heerlike Saamtrek sal wees nie. Ons sien egter uit na die volgende uitgawe van Habari en het groot waardering vir die Bestuur wat sake laat gebeur tot ons almal se voordeel.

Ons het onlangs teruggekeer uit Nieu Zeeland waar ons ons dogter Sandra besoek het in Auckland. Sy het 'n betrekking daar in 'n hospitaal en is baie gelukkig. In die voorstad Howick waar sy woon, is daar verstommend baie Suid-Afrikaners. Ons het daar 'n kerkdiens bygewoon waar meer as sestig mense teenwoordig was. Dara is egter blybaar baie meer in die omgewing.

Hulle het hulle eie leraar. Dit was vir my duidelik dat hulle na mekaar omsien. Mense wat nie werk het nie of hulle werk verloor, word gevra om by die Kerkraad aan te meld vir hulp.

Die klimaat is baie dieselfde as die van die Kaap, behalwe dat daar beslis minder wind waai.

Op ons toer deur beide die pragtige eilande het ons kontak gemaak met vorige Kenia vriende of bekendes wat deur die loop van jare daar gevestig geraak het. Onder hulle is Dirk en Sue (Riley) Pembridge wat lekker boer met 'n melkkudde van 180 Vriesche. Diegene wat in die Hill School was, sal Jane Barbour onthou. Wel, haar dogter Anthea boer saam met haar man so twee uur vanaf Wellington waar hulle 5000 skape aanhou. Op Naier, in die hartjie van die appelpêrelde, tref ons Dirk Soames aan. Hy was 20 jaar in Nanyuki, en later in Wes-Kilimanjaro. Hy het pas 'n boek oor sy Oos-Afrika ervaringe gepubliseer. Hy is 'n besondere persoon, dié Dick.

Op pad terug het ons vir twee weke in Australië aangedoen waar ons by Frans Cloete-hulle was op Tewoomba. Hulle woon baie gelukkig daar, en die voer van swerms kleurvolle voël verskaf hom baie plesier. Sy seuns, Johann en Martin is in Brisbane. Hulle het goeie betrektings daar.

Ons seun Anakreon het die afgelope 4 jaar in Skotland gewerk en met sy gesin daar gewoon. Hy is nou op pad na Dubai vanwaar hy sake in Suid-Oos-Asië vir sy maatskappy sal verrig. Ter gelegener tyd sal ons hulle hopelik daar gaan besoek, dus as daar van julle mense is wat hulle in Dubai bevind, laat ons weet sodat ons hulle kan opsoek.

As daar van julle is wat in die Boland kom, moet asseblief nie

nalaat om vir ons 'n luitjie te gee nie op 021.815-3067.

Groetnis en alles wat goed is vir julle almal.

**Geldelike bydraes vir die Habari kan direk inbetaal word op ons rekening: Oos-Afrika Vriendekomitee, Absa Hercules, 080-60-24-05. Donations to help cover Habari's printing costs are welcome! Absa Hercules, 0080-60-24-05. Committee of the Friends of East Africa.**

We can send the Habari by e-post! If you have such an address, please let us know!



**LES TUCKER**  
"Before the Battle"  
taken before the Enterprise  
Cup Final. 5 Aug 1953  
ELDORET vs. NONDESCRPTS.



Om Piet en Tant Poppie Jordaan

## KITALE SCHOOL REUNION.


Saturday 14 October 2000  
at 19h00 Casual.

Hofmeyer House,  
Univ. of the Witwatersrand

Carol Cooper 011-717 1483-w  
011-728 6015-h

Alison McLean 011-793 5274  
amclean@chiron.wits.ac.za.

**N.B.**



Back against wall.

L/R. G. Bovenizer, — Hinds? J. Lawrence, N. Kruger.

Middle Row: D. de Haaf, B. Tweedie, von Maltitz, L. Tucker.

Front Row: — .G. Goby — 'Stompie' Jones(c), D. Tweedie, Scottie.  
Meintjes.

## Chevaughn's Printers

Tel: (011) 740-9831 Cell: 082-676-3004  
DALVIEW, BRAKPAAN

### We Specialise in:

- \* Business Cards \* Letterheads \*
- \* Compliment slips \* All types of Books \*
- \* Leaflets \* Printed Envelopes \*
- All Printing Stationery \* Etc.

YOU NAME IT  
WE PRINT IT!!

### Screen Printing:

- \* T-shirts \* Overalls \* Caps \*
- \* Posters \* Corex Boards \* Magnetic Signs \*
- \* Stickers \* Etc.

WE ASSURE YOU OF THE  
BEST PRICES AND THE  
BEST QUALITY!!

## NAKURU ATHLETIC CLUB - FIXTURE LIST 1960

### MARCH

Sat 5	Nondescripts	(H)	Lost	11-13
12	Combined Services	(H)	Lost	6-29
19	Impala	(H)	Lost	6-16
Sun 20	Kitale	(H)	Won	11- 9
Sat 26	Eldoret	(A)	Lost	8-17

### APRIL

Sat 9	Nondescripts	(A)	Won	8-3
Fri 15	Tanganyika Tour Moshi	(A)	Won	61-0
Sat 16	Oldeani	(A)	Won	45-0
Sun 17	Arusha	(A)	Won	41-0
Sat 23	Kenya Regiment	(H)	Won	9-5
Sat 30	Harlequins	(A)	Lost	0-6

### MAY

Sat 7	Garrison - Jones Cup	(A)	Won	18-8
Sat 14	Eldoret - Jones Cup	(A)	Won	8-5
Sat 21	Kitale - Jones Cup	(H)	Won	6-5
Sat 28	Kenya Police	(A)	Won	29-21

### JUNE

Sat 4	Kitale - Jones Cup	(A)	Won	20-0
Sat 11	Eldoret - Jones Cup	(H)	Lost	6-16
Sat 18	Garrison - Jones Cup	(H)	Won	29-16
Sat 25	Kenya Police	(H)	Won	27-8

### JULY

Sat 2	Eldoret - Jones Cup	(A)	Won	16-5
Sat 9	Harlequins	(H)	Lost	0-16
Sat 16	Enterprise Cup semi-final in Uganda		Won	28-16
Sat 23	Londiani	(H)		
Sat 30	Mitchell Park	(H)		
Sun 31	R.A.F. Sevens at Ngong Road			

### AUGUST

Sat 6	Enterprise Cup Finals - W. Kenya		Won	11-9
-------	-------------------------------------	--	-----	------